Finance costs	(252 794)	(224 203)	(130 695)	(125 932)
Profit before equity earnings	291 463	386 882	148 137	111 518
Equity profit / (loss) in joint ventures	(92)	(134)	(92)	(134)
Profit before tax	291 371	386 748	148 045	111 384
Tax	(76 509)	(109 076)	(31 367)	(29 803)
Profit for the year	214 862	277 672	116 678	81 581

Sentraal-Suid Co-Operative Ltd and its Subsidiaries
Summary Statements of Comprehensive Income
for the year ended 28 February 2025 (continued)

GROUP		CO-OPERATIVE	
2025 R'000	2024 R'000	2025 R'000	2024 R'000

Other comprehensive income

Items that will not be reclassified to profit and loss

Actuarial adjustment to post-retirement medical benefits	(112)	10	(112)	10
Deferred tax on actuarial adjustment to post-retirement medical benefits	30	2	30	2
Exchange rate differences on the conversion of foreign operations	(1 942)	(3 450)	–	–

Items that will be reclassified to profit and loss

Fair value adjustment to financial assets available for sale	3 372	1 599	3 287	1 645
Deferred tax on fair value adjustments	(858)	394	(839)	338

Total comprehensive income for the year (net of tax)

215 352	276 227	119 044	83 576
---------	---------	---------	--------

Profit attributable to:

Members	171 023	204 104	116 678	81 581
Non-controlling interest	43 839	73 568	–	–
	214 862	277 672	116 678	81 581

Total comprehensive income attributable to:

Members	171 513	202 659	119 044	83 576
Non-controlling interest	43 839	73 568	–	–
	215 352	276 227	119 044	83 576

Sentraal-Suid Koöperasie Bpk en sy Filiale
Opgesomde State Van Kontantvloei
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025

	GROEP		KOÖPERASIE	
	2025 R'000	2024 R'000	2025 R'000	2024 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite				
Kontant gegenereer deur bedrywighede	160 130	700 868	308 530	77 149
Rente ontvang	151 454	146 169	151 454	146 169
Rente betaal	(252 794)	(224 203)	(130 694)	(125 932)
Belasting betaal	(99 578)	(100 732)	(40 029)	(30 564)
Netto kontant (aangewend in)/gegenereer deur bedryfsaktiwiteite	(40 788)	522 102	289 261	66 822
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite				
Toevoeging tot eiendom, aanleg en toerusting	(170 315)	(297 490)	(68 870)	(147 952)
Toevoegings tot beleggingseiendom	(245 244)	–	–	–
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	3 219	10 216	3 694	1 684
Toevoegings tot ontasbare bates	(1 010)	–	(1 000)	–
Lenings aan filiale terugontvang	–	–	3 135	3 120
Lenings aan filiale toegestaan	–	–	(250 854)	(1 927)
Verkryging van finansiële bates beskikbaar vir verkoop	(105 581)	(19 113)	(104 592)	(18 673)
Opbrengs met verkoop van finansiële bates beskikbaar vir verkoop	101 508	8 230	101 508	8 230
Lenings aan gesamentlike ondernemings toegestaan	(497)	(455)	(497)	(455)
Lenings aan gesamentlike ondernemings terugontvang	–	2 406	–	2 405
Langtermynlenings terugontvang	2 639	2 456	–	–
Langtermynlenings toegestaan	(13 384)	(650)	–	–
Korttermynlenings terugontvang	196 800	–	196 800	–
Korttermynlenings toegestaan	(1 980)	(200 082)	–	(200 000)
Verkryging van belegging in filiaal	–	(141)	–	(141)
Rente ontvang	20 421	11 782	21 206	10 991
Dividende ontvang	3 727	4 839	29 633	16 035
Netto kontant aangewend in beleggings-aktiwiteite	(209 697)	(478 002)	(69 837)	(326 683)

Sentraal-Suid Koöperasie Bpk en sy Filiale
Opgesomde State Van Kontantvloei
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 (vervolg)

	GROEP		KOÖPERASIE	
	2025 R'000	2024 R'000	2025 R'000	2024 R'000
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite				
Langtermynlenings terugbetaal	(153 817)	(2 273)	(17 368)	–
Langtermynlenings aangegaan	373 554	76 979	114 800	75 379
Korttermynlenings terugbetaal	(228 810)	(627 773)	(82)	(92 452)
Korttermynlenings aangegaan	667 826	173 112	37 131	–
Aandele ingetrek	(234)	(215)	(234)	(214)
Aandele uitgereik	460	348	460	352
Aandele opbetaal uit omsetbonus	6	6	6	6
Terugkoop van aandele	–	(660)	–	–
Ledefonds uitbetaal	(24 289)	(12 991)	(24 341)	(13 085)
Dividende betaal aan nie-beherende belang	(2 380)	(3 970)	–	–
Netto kontant (aangewend in)/gegeneer deur finansieringsaktiwiteite	632 316	(397 437)	110 372	(30 014)
Toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	381 831	(353 337)	329 796	(289 875)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	(426 232)	(72 895)	(313 161)	(23 286)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	(44 401)	(426 232)	16 635	(313 161)

Sentraal-Suid Co-Operative Ltd and its Subsidiaries
Summary Statements of Cashflows
for the year ended 28 February 2025

	GROUP		CO-OPERATIVE	
	2025 R'000	2024 R'000	2025 R'000	2024 R'000
Cash flow from operating activities				
Cash generated from operating activities	160 130	700 868	308 530	77 149
Interest received	151 454	146 169	151 454	146 169
Interest paid	(252 794)	(224 203)	(130 694)	(125 932)
Taxation paid	(99 578)	(100 732)	(40 029)	(30 564)
Net cash (utilised in)/generated from operating activities	(40 788)	522 102	289 261	66 822
Cash flow from investment activities				
Additions to property, plant and equipment	(170 315)	(297 490)	(68 870)	(147 952)
Additions to investment property	(245 244)	–	–	–
Proceeds on sale of property, plant and equipment	3 219	10 216	3 694	1 684
Additions to intangible assets	(1 010)	–	(1 000)	–
Loans to subsidiaries received	–	–	3 135	3 120
Loans granted to subsidiaries	–	–	(250 854)	(1 927)
Acquiring financial assets available for sale	(105 581)	(19 113)	(104 592)	(18 673)
Proceeds on sale of financial assets available for sale	101 508	8 230	101 508	8 230
Loan granted to joint venture	(497)	(455)	(497)	(455)
Loan received from joint venture	–	2 406	–	2 405
Long-term loans received	2 639	2 456	–	–
Long-term loans granted	(13 384)	(650)	–	–
Short-term loans received	196 800	–	196 800	–
Short-term loans granted	(1 980)	(200 082)	–	(200 000)
Acquiring interest in subsidiary	–	(141)	–	(141)
Interest received	20 421	11 782	21 206	10 991
Dividends received	3 727	4 839	29 633	16 035
Net cash utilised in investment activities	(209 697)	(478 002)	(69 837)	(326 683)

Sentraal-Suid Co-Operative Ltd and its Subsidiaries
Summary Statements of Cashflows
for the year ended 28 February 2025 (continued)

	GROUP		CO-OPERATIVE	
	2025 R'000	2024 R'000	2025 R'000	2024 R'000
Cash flow from financing activities				
Long-term loans repaid	(153 817)	(2 273)	(17 368)	–
Long-term loans obtained	373 554	76 979	114 800	75 379
Short-term loans repaid	(228 810)	(627 773)	(82)	(92 452)
Short-term loans obtained	667 826	173 112	37 131	–
Shares cancelled	(234)	(215)	(234)	(214)
Shares issued	460	348	460	352
Shares paid up through Member bonuses	6	6	6	6
Repurchase of shares	–	(660)	–	–
Members' funds repaid	(24 289)	(12 991)	(24 341)	(13 085)
Dividends paid to non-controlling interest	(2 380)	(3 970)	–	–
Net cash (utilised in)/generated from financing activities	632 316	(397 437)	110 372	(30 014)
Increase/(Decrease) in cash and cash equivalents	381 831	(353 337)	329 796	(289 875)
Cash and cash equivalents at beginning of year	(426 232)	(72 895)	(313 161)	(23 286)
Cash and cash equivalents at end of year	(44 401)	(426 232)	16 635	(313 161)



AANTEKENING

1. Basis van voorbereiding

Die opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state is opgestel vanuit die volledige geouditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

Hierdie opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vervat die afsonderlike en gekonsolideerde state van finansiële posisie en afsonderlike en gekonsolideerde state van omvattende inkomste en kontantvloeie soos vervat in die geouditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state, sonder enige aansuiwerings of samevoegings.

NOTE

1. Basis of preparation

The summary separate and consolidated financial statements have been compiled from the full set of audited separate and consolidated financial statements for the year ended 28 February 2025.

The summary separate and consolidated financial statements, which comprise the separate and consolidated statements of financial position and separate and consolidated statements of comprehensive income and cash flows, are derived from the audited separate and consolidated financial statements, without any changes or off-setting.

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE FINANSIËLE BESTUURSOORSIG 2025

AGTERGROND

As die laaste paar jaar se finansiële bestuursoorsigte se kommentaar bekyk word, is dit aanduidend tot 'n pot wat stadig besig is om warmer te raak, en al hoe nader aan kookpunt beweeg. Dit is kommerwekkend dat ons steeds moet melding maak van grootskaalse internasionale konfrontasie, met die oorlog tussen Rusland en Oekraïne wat sy derde jaar betree, die Israeliese weermag ontplooiing en aanvalle in die Gaza strook, en nou ook Iran, asook verhoogde spanning tussen Indië en Pakistan. Na 'n jaar gekenmerk deur 'n rekord-aantal verkiesings, met soms verrassende resultate, is die wankelrige samewerking op wêreld politieke-vlak, besig om herbesin te word.

Pres. Donald Trump, se "Make America Great Again" verkiesings slagspreuk, het gelei tot 'n warboel van uitvoerende bevels wat, in sy eerste paar maande in die tuig, uitgereik is. Sonder twyfel was die afkondiging van wesenlike en verreikende tariewe op invoere na die VSA, die aksie wat die grootste internasionale impak tot gevolg gehad het. Finansiële markte het getuimel en is daar ten tyde van hierdie skrywe nog groot onsekerheid oor wat die finale uitkoms van hierdie spreekwoordelike "kat in die duiwehok" sal wees. Wat tot verdere volatiliteit lei, is Pres. Trump se voortdurende verandering aan die tariefstrukture en beperkings, soos wat gesprekke (of gebrek daaraan) plaasvind tussen moondhede. Dit blyk wel reeds 'n groot negatiewe impak op die Amerikaanse ekonomie te hê, met pryse van goedere wat dienoreenkomstig verhoog in lyn met die gestelde tariewe.

Ontwikkelende lande is nie gespaar nie en word hul vertroue op die VSA as handelsvennoot met groot fokus herbesin. Die BRICS+ groepering poog om handel met mekaar te prioriseer, maar dit word bemoeilik deur selfgesentreerde optrede van die lede-lande, ter beskerming van korttermyn ideale. Samewerking op internasionale front is nou meer nodig as ooit, maar ongelukkig blyk verhoogde spandering op weermag-, vloot- en lugmag vermoëns nou weer as onontbeerlik geag.

Suid-Afrika se aksies, waaronder om sonder internasionale steun, Israel by die Wêreldhof vir menseregteskending te verkla, tesame met ons regering se onvermoë om korrupsie hok te slaan, asook om ons te skaar by lande wat nie in goeie guns is by die groot ekonomiese moondhede nie, help nie om ons saak te bereedder nie. Om nie eens te praat van Pres. Cyril Ramaphosa se besluit om voort te gaan met die implementering van die omstrede grond-onteieningswetgewing nie. Suid-Afrika moet waak daarteen dat ons onself nie in die toekoms op 'n eiland van diplomatieke isolasie bevind nie.

Insetpryse het 'n stabiele jaar beleef, met selfs dalings wat in sommige gevalle ervaar is. Dieselprijs het hier seker die grootste impak gehad, alhoewel daar pryse van sekere chemiese produkte is wat ook gedaal het. Die bygedra om die pil van laer kommoditeitspryse van veral graansoorte soos koring, gars en canola, te kon sluk.

Ons het reeds laasjaar melding gemaak van die impak van kunsmatige intelligensie op baie aspekte van ons daaglikse lewe asook op die wyse waarop besighede hul take verrig. Hierdie tendens tel spoed

op met ontwikkeling op hierdie front wat beide asemrowend, asook kommerwekkend is. Die risiko van grootskaalse werksverlies is nou tasbaar en moet vroegetydig opgetree word om personeel wat eerste hierdeur geaffekteer gaan word, se heropleiding te prioritiseer. Die veldbrand van sosiale media beurt steeds voort en mens kan bloot wonder wat die impak gaan wees op 'n laer- en middelklas wie hul lewens in heroënskou gaan neem as hul blootgestel word aan die onvolhoubare uitspattighede en kunsmatige lewenstyle wat hier uitbasuin word. Dit is gevaarlik as mense begin dink dat iemand anders hul lewe kan geniet, omrede hul hul lewe lank moet werk.

Die Rand het 'n jaar van wesenlike skommeling ervaar, met 'n laagtepunt van R19.76, wat op 8 April 2025 ervaar is. Desnieteenstaande het die Rand verder versterk oor die laaste jaar en verhandel tans teen R17.80/\$1 (R18.32/\$1 laasjaar hierdie tyd). Gegewe die gebrek aan positiewe nuus vanuit Suid-Afrika, kan mens net wonder oor hoe negatief die uitkyk elders moet wees vir die Rand om vir twee jaar in 'n ry te kon versterk. Suid-Afrika sukkel steeds voort met politieke onmin, voortslepende korrupsie en swak funksionerende staatsinstellings. Die enigste positiewe ligpunt is sekerlik die staking van beurtkrag, wat die inwoners en besighede in Suid-Afrika 'n welkome ver'lig'ing gebied het.

Rentekoerse het gedurende die hele finansiële jaar met 0.75% gedaal, en sedert SSK se finansiële jaareinde (28 Februarie 2025) met 'n verdere 0.25%. Die huidige primakoers ten tyde van hierdie skrywe (Junie 2025) is 10.75%.

Die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) lewer gemengde resultate op, maar moet sekerlik hul kans gegun word om hul voete te vind. Daar is steeds swak funksionerende ministeriële portefeuljes, maar dit is verblydend om te sien dat die kleiner lede van die RNE suksesvol die ANC se beplande verhoging van die BTW koers kon verhoed. Die Reënboognasie is egter 'n slapende reus en moet politiekuste waak daarteen om die mense van Suid-Afrika se goedhartigheid te oorskat. Sodra Suid-Afrikaners ophou om apaties te wees, aanmeld en begin saamwerk, sal die toekoms aan die suid-punt van Afrika rooskleurig kan wees.

Die Suid-Afrikaanse landbousektor het 'n goeie jaar beleef met wydverspreide reënval wat ervaar is, alhoewel oormatig in sommige gebiede, veral in die Swartland en die Noorde van die land. Die Swartland het droë toestande beleef met planttyd, wat opgevolg is met oormatige reën in Julie 2024. Versuip-toestande was algemeen ervaar, met veral canola opbrengste wat hierdeur negatief geraak is. In die Noorde het die goeie reëns voortgeduur tot in oestyd, met groot uitdagings wat ervaar is, veral met sojabone, en nou ook mielies, soos wat lande nie kans kry om af te droog nie. Dit is egter 'n goeie teken vir die komende jaar se graanseisoen in die Noorde wat waarskynlik met goeie grondvog sal kan wegspring. Mieliepryse het hul opwaartse mars voortgesit tot net voor oestyd. Ongelukkig het die plaaslike melkbedryf hiervoor vergeld en moes die verhoogde voerkoste absorbeer. Goeie reënval in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap het voortgeduur en kon die landbouers in hierdie areas bou op die vorige jaar se gunstige natuurtoestande.

Die implementering van die veelbesproke grondonteiening wetgewing, bring steeds onsekerheid in

die landbousektor en groter ekonomie. Landbou is die ruggraat van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die primêre en sekondêre bydrae tot welvaart en ekonomiese groei is onontbeerlik vir die suksesvolle funksionering van die land. Alhoewel die Rand versterk het, bied dit steeds geleenthede vir uitvoerders om aanvaarbare pryse te realiseer in die buiteland en kan dit uiteindelik ook invoere se pryse stabiliseer. Infrastruktuur agteruitgang bly op almal se lippe, met veral verswakkende paaie en oneffektiwiteite by Suid-Afrikaanse hawens wat deurlopend uitgelig word.

SSK se bedieningsgebied het 'n jaar van goed verspreide reën en gunstige natuurstoestande beleef. Dit het verligting gebring vir suiwel-, vrugte-, vee- en graanprodusente. Wat betref graan is rekordopbrengste in baie gevalle gerealiseer. Rypskade op gesaaides, veral gars, het opbrengste negatief beïnvloed, maar die impak hiervan is gebuffer deurdat dit meestal die laagliggende gesaaides geaffekteer het en die oorblywende dele goeie opbrengste kon realiseer. Soos vele kere in die verlede, is daar 'n paar weke in oestyd in, oormaat reën ervaar, wat strooptoestande aansienlik bemoeilik het. Kwaliteitsuitdagings is egter pro-aktief bestuur en kon goeie grade steeds deur produsente behaal word, alhoewel kommoditeitspryse swakker was. Veeboere kon bespaar aan voerkoste met goeie weidings na die voldoende reën. Suiwelboere het aanvaarbare pryse vir hul melk gerealiseer, maar die volgehoue hoë melieprys het diegene wat afhanklik is van vervaardigde voer, erge kostedruk laat ervaar. Vrugteboere, veral in die Langkloof, het 'n besonderse oestyd beleef, met goeie pryse wat met uitvoere behaal kon word. Logistieke uitdagings was daar veel van, maar oplossings is intyds ingespan om die oes te kon verskeep.

Die 2025-plantseisoen is afgehandel en daar het wydverspreide reën oor die Suid-Kaap en Tuinroete geval, beide voor en tydens planttyd. Die grondvoginhoud en damvlakke is ten tyde van hierdie skrywe oor die breër bedieningsgebied baie gesond. Ons sien uit na 'n geseënde landboujaar.

Vooruitsigte dui tans op laer plaaslike meliepryse, wat broodnodige verligting vir ons suiwelprodusente teweeg sal bring. Canola- en koringpryse toon ook tekens van herstel. Canola aanplanting het steeds 'n opwaartse trajek en 'n rekord nasionale canola-oes word vir die 6de jaar in 'n ry voorspel. Hierdie groei in canola-hektare is meestal ten koste van moutgarsaanplantings.

Vooruitsigte vir van die ander landbousektore is soos volg:

- Die suiwelbedryf in die Suid-Kaap ervaar steeds deurlopende konsolidasie, met die nasionale getal suiwelprodusente wat in die laaste dekade met 60% gedaal het. Volvoerstersels, gegewe die hoë meliepryse, verkeer onder geweldige druk. Kostebestuur moet dinamies toegepas word ten einde die volhoubaarheid van elke boerdery-eenheid te kan bewerkstellig/behou. Goeie weidings en kuilvoorraad sal hopelik welkome verligting bring. Die Bek-en-Klouseer uitbraak in die Humansdorp area is grootliks onder beheer gebring en alhoewel die impak hiervan nog vir lank gevoel gaan word, was dit prysenswaardig om die samewerking tussen die produsente, verskaffers en die staats- en private veeartse te kon ervaar.

- Die vrugtebedryf het uitstekende oeste ervaar, en alhoewel die versterkte Rand die omsette negatief geraak het, was inkomstes wydverspreid hoër as die vorige seisoen. Uitsers gesonde dam- en riviervlakke sal help om die opbrengste vir die volgende seisoen te onderlê. Internasionale pryse van vrugte het toegeneem, met veral premies wat vir uitstekende kwaliteit vrugte verdien is.
- Die wynbedryf het in 2024 die swakste oes sedert 2002 ervaar, alhoewel 2025 s'n aansienlik beter was. Verminderde wingerdhektare, en verouderde aanplantings is rede tot kommer vir die bedryf. Die wynbedryf skep 270 000 werkseleenthede in die waardeketting en moet die bydrae tot die Wes-Kaap se sosio-ekonomiese welstand nie onderskat word nie. Verhoogde fokus om premies te realiseer met kwaliteit wyne tel stoom op en bemarkingsaksies en handelsmerk versterking sal hier baie waarde kan toevoeg.
- Die volstruisbedryf het weerens 'n goeie jaar beleef, met uitstekende pryse wat vir kwaliteit velle verdien word, op die rug van 'n sterk vraag vanuit die EU en die VSA. Die veerpryse het wel teruggesak, met laer vraag vanuit China en die EU. Hoë voerkoste bly steeds 'n probleem, maar goeie natuurstoestande help diegene wat hul eie voer produseer. Vooruitskattings dui op 'n 7% groei in slaggetalle, tot 150 000 voëls wat in die 2025 jaar seisoen geslag sal word. Die vraag na, en gevolglik die pryse van, volstruisvleis, blyk stabiel te bly.
- Vleispryse, veral skaap en bees, verwag 'n matige toename in die komende jaar, gedryf deur hoër internasionale pryse. Uitvoergeleenthede is hier broodnodig, maar staar groot uitdagings in die gesig, onder andere die onlangse uitbraak van Bek-en Klouseer in die grootste bees voerkraal in die Suidelike Halfrond by Karan Beef. Daar is ook steeds verdere sluitings van abattoirs wat gerapporteer word. Goeie wydverspreide reënval in Suid-Afrika is positief vir natuurlike weiding en kan help om hoë voerkoste te help bestuur. Verbruikersbesteding toon tekens van herstel en uitvoergeleenthede, veral by skaap- en lamvleis, is noemenswaardig.
- Die wol- en bokhaarbedryf het 'n bevredigende jaar gehad. Die mark vir natuurlike vesel bly hoogs sensitief tot die internasionale pryse. Suid Afrika produseer 56% van die wêreld se bokhaar wat bedingingsmag in hierdie sektor moontlik maak. Kwaliteit blyk steeds die deurslag te gee en premies word deurlopend hier verdien. Wol- en bokhaarvesel se natuurlike en volhoubare aard, bied goeie ondersteuning deurdat verbruikers se toenemende fokus op verantwoordelike produksiepraktyke, hier resultate lewer.
- Die groentebedryf verwag goeie groei, ondersteun deur groeiende fokus op gesonde eetgewoontes. Gerealiseerde pryse het groei getoon vanaf die vorige jaar met vooruitsigte vir verdere stygings a.g.v. verbeterde afsette. Groentesaadproduksie groei steeds van krag tot krag. Uitstekende winste word hier gerealiseer met die addisionele positiewe impak op werkskepping, veral in verafgeleë landelike gebiede, wat melding verdien.

SSK het weereens 'n uitstekende finansiële jaar beleef, met rekord waarde van sake gedoen, omset, bruto wins, bedryfswins, netto wins en Ledebonusse wat gerealiseer is. SSK se waardeproposisie het gelei tot volgehoue ondersteuning deur die Ledebasis en terugwaartse integrasie in die verskaffingketting. Dit, tesame met beter graanoeste en gesonde kostebestuur, het gelei tot die verbeterde netto winste



gerealiseer. Die goeie graanoeste wat ervaar is, het gelei daartoe dat oorhoofse oorlaatskuldvlakke wesenlik gedaal het. Oninbare skulde het ook afgeneem, terwyl die voorsiening vir oninbare skulde effens verhoog is. Gegewe die grootte van die debiteureboek, word hierdie syfers verwelkom. SSK se Direksie se besluit om oorlaat-rentekoerse marginaal te verhoog ten einde die gebruik van oorlaatskuld as medium-termynskuld te ontmoedig, word met die volgende oorlaatverskuiwingsdatums geïmplementeer.

Die SSK Groep het ook 'n rekordjaar met waarde van sake gedoen, omset en bruto wins, ervaar. Laer bedryfswins en netto wins vlakke is egter aangeteken, meerendeels gedryf deur produksie uitdagings by SOILL wat 'n negatiewe uitwerking op bedryfsuitgawes gehad het. SOILL het egter steeds goed presteer en kon bykans die hele rekord canola-oes pers, behalwe vir ongeveer 40 000ton, wat einde Februarie 2025 uitgevoer is. Grootse produksie kapasiteitsuitbreidings in beide Swellendam en Moorreesburg is ook onlangs afgehandel om voorsiening te maak vir die vooruitsigte van groter canola opbrengste.

Tuinroete Agri, wat as 'n eiendomsverhuringsonderneming funksioneer, se winsgewendheid het effens gedaal gegewe groter as verwagte spandering op herstelwerk by van die eiendomme wat in die jaar by Die Humansdorpse Landbou Koöperasie gekoop is. Tuinroete Agri het ook 'n welkome R12miljoen dividend verklaar. Technifarm en Eureka Meulens het beide rekordresultate opgelewer en daar word met groot verwagting uitgesien na wat in die nuwe jaar vir beide hierdie entiteite beplan word. Sentraal-Suid Beleggings het met 'n hoër netto wins as in 2024 afgesluit, ondanks huurspasies wat nie ten volle beset was nie. Hessequa Abattoir se sluiting en gevolglike verhuring veroorsaak dat 'n verlies weereens gerealiseer is. Procuco Grain het weereens 'n marginale verlies gerealiseer. Softlutions het 'n netto verlies gerealiseer, gegewe dat die verkope van die Grainworx sagteware aan SSK, nog nie gefinaliseer is teen jaareinde nie. Verbeterde resultate a.g.v. hiervan word in die 2026 jaar begroot. Walts Malting se aanlegswaarde is verder afgeskryf, ten einde die realistiese waarde te reflekteer. Die ander filiale van SSK was op jaareinde dormant. SSK se finansiële posisie is kerngesond en die finansiële prestasie uitstekend onder uitdagende omstandighede. Daar kon ook weereens met gemak voldoende finansiering vir SSK en sy Lede se bedrywighede verkry word.

Die bedryfsafdelings het uitstekende resultate gelever en was almal winsgewend, met slegs Versekering wat 'n marginale daling in netto wins ervaar het. Meer detail hieroor word in die aantekeninge later in die oorsig verskaf.

Ledetalle het gegroei en toon dat die koöperatiewe ondernemingsvorm aanklank vind by al hoe meer produsente. Die voordele van lidmaatskap lok al hoe meer produsente vanuit die grense van SSK se bedieningsgebied. SSK se swart aandeelhouing het stabiel gebly, met byna 7% van die Lede wat uit voorheen benadeelde groeperings afkomstig is.

Op 'n tegnologiese vlak is SSK steeds op koers met 'n goed deurddagte langtermyn-inligting- en tegnologie-strategie. Die rekenkundige en bedryfsagteware funksioneer uitstekend en is gebruikersvriendelik. Die



implementering van die Sage300 sagteware gaan die Menslike Hulpbronne funksie ondersteun om die groei in personeelgetalle, met gemak te kan hanteer. Die Qlik sagteware word met groot sukses reeds toegepas en help om sinvolle, intydse bestuursinformasie te lewer. Verdere ontwikkeling van die wyse waarop data met Lede en kliënte gedeel en ingesamel word, word beoog, en beplanning hier is reeds ver gevorder. Die data wat tot beskikking gestel word vir Lede en besigheidsvennote is eenvoudig, intyds en toeganklik. SSK beskik ook oor 'n goeie balans van interne kennis en ondervinding, asook eksterne kundige diensverskaffers. Die netwerk, telefoonstelsel, e-posstelsel, toegangsbeheer en bediener-infrastruktuur is wêreldklas en word deurlopend verder verbeter en vernuwe.

2025 was 'n geseënde jaar vir SSK en sy lede, soos menigte jare voor hierdie een. Die personeel se toewyding aan ons Lede en kliënte is tasbaar en die rekord prestasies van baie van die bedryfsafdelings is 'n uitstekende bewys hiervan. SSK poog voortdurend om die behoeftes van ons Lede te identifiseer, te verstaan en daaraan met uitnemendheid te voldoen.

SSK se finansiële en operasionele prestasie was merkwaardig en ons is nederig dankbaar vir die omstandighede wat dit moontlik gemaak het. Tot voordeel van beide Lede en die organisasie, is die finansiële posisie wesenlik versterk.


Ons kan terugkyk op die 2025 finansiële jaar met baie dankbaarheid vir die resultate wat behaal is. Voortdurende investering in kapitaal, personeel, tegnologie en verhoudinge lewer steeds 'n positiewe momentum. Die Direksie, Bestuur en Personeel het staatgemaak op die ondersteuning en lojaliteit en steeds groeiende Lede- en kliëntebasis om hierdie besondere finansiële syfers te kon behaal. Die motivering en ywer waarmee hul dagtake aangepak is, is 'n sprekende illustrasie van die lojale en toegewyde span wat SSK hul werktuiste maak. SSK se Lede, Direksie, Bestuur en Personeel het hard saamgewerk om hierdie resultate moontlik te maak. Ons wil almal vir hul bydrae hiertoe bedank. Hierdie resultate is egter nie net die resultaat van een jaar se opofferings nie en erkenning word gegee aan almal wat gehelp het om te bou aan die basis waarmee ons hierdie jaar begin het. Werk saam, wen saam! SSK se Direksie, Bestuur en Personeel bly toegewyd tot die ondersteuning van die Lede en hul onderskeie boerderye en is dankbaar vir die ondersteuning wat SSK se Lede aan die organisasie bied. Alle eer aan ons Hemelse Vader vir die seëninge wat onverdienslik uit Sy hande ontvang is.

TOTALE OMSET

Die totale omset met Lede en klante het toegeneem vanaf R3 111 832 624 in die 2024 finansiële jaar tot R3 264 686 326 in die 2025 finansiële jaar – 'n toename van 4.91%. Die toename is verblydend en is die gevolg van gunstige weersomstandighede in die bedieningsgebied en die gevolglike hoër volumes landbou-insette, wat veral in die graanbedryf ervaar is. 'n Uitstekende graan-oes kon behaal word, alhoewel daar uitdagings met kwaliteit ervaar is. Die waarde van sake gedoen het met 5.05% gestyg vanaf R4 703 366 110 in 2024 tot R4 941 044 955 in 2025.



TOTALE OMSET



NETTO INKOMSTE / VERDELING VAN SURPLUS

Die Koöperasie se bedrywighede het 'n netto inkomste voor belasting, maar na Ledebonusse, vir die jaar van R148 045 481 (2024 – R111 384 018) tot gevolg gehad.

Inkomstebelasting beloop R39 210 116 (2024 – R32 150 583) met 'n regstelling ten opsigte van die 2024 jaar wat 'n verhaling van R110 160 beloop (2024: addisionele uitgawe R 1 040 428), wat aanvullend tot die 2025 syfer getoon word. Die afname in die voorsiening vir uitgestelde belasting beloop R7 732 617 (2024 – R3 387 820 afname). Die netto inkomste na belasting, maar voor bonusse, beloop dus R 206 678 142 (2024 – R 161 580 827). Die surplus word soos volg verdeel:


Ledebonusse	R90 000 000
Uitgestel	R72 000 000
Kontant	R18 000 000
Reserwes	R116 678 142

BEDRYFSREKENINGE

	2025				2024			
	Omset R	Bruto wins/(verlies) R	Bruto wins %	Netto wins	Omset R	Bruto wins/(verlies) R	Bruto wins %	Netto wins
Meganisasie	443 711 149	62 364 531	14%	10 807 763	387 710 689	53 477 758	14%	7 748 577
Versekering	21 061 457	21 063 666	100%	5 569 604	19 918 881	19 920 742	100%	5 921 091
Handel	1 653 086 594	284 425 715	17%	76 127 922	1 658 774 715	264 068 966	16%	65 336 967
Saad	200 580 435	39 151 804	20%	25 997 683	164 326 362	29 551 292	18%	18 117 724
Graan	779 533 985	225 392 338	29%	54 541 039	689 138 234	207 277 955	30%	42 921 594
Veevoere	187 057 736	35 572 052	19%	4 132 474	219 273 628	36 969 995	17%	2 459 988
Administrasie	4 191 448	869 961	Nvt	31 867 263	2 020 359	1 018 717	Nvt	21 070 227
Interne kostes	(24 536 478)	(17 645 937)	Nvt	—	(29 330 245)	(19 462 505)	Nvt	—
Netto wins na belasting voor Ledebonusse				209 043 748				163 576 168
Ledebonusse verklaar				(90 000 000)				(80 000 000)
Totaal	3 264 686 326	651 194 130	20%	119 043 748	3 111 832 623	592 822 920	19%	83 576 168

BRUTO WINS PER DOELSTELLING

Die verhouding van bruto wins per doelstelling tot die totale bruto wins na Ledebonusse ten bedrae van R561 194 129 (2024 – R512 822 919) is soos volg:



TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes (administratiewe en bedryfsuitgawes) het in die jaar onder oorsig met 9.20% gestyg. Dit is in ooreenstemming met die begrote syfers en is grotendeels gedryf deur die verhoogde koste verbonde aan bedryfshure, bestuursdienste, graanberokingskoste, herstelwerk en onderhoud, kommissie betaal, opleidingskoste, personeelkoste, regskoste (grotendeels gedryf deur die kostes verbonde aan Die Humansdorpse Landbou Koöperasie transaksie), rekenaaruitlegawes, sekuriteitskoste, water en elektrisiteit, versekering en waardevermindering.

'n Eenmalige uitgawe ten bedrae van R4 700 916 vir verliese weens bedrog vorm deel van die 2025 uitgawes. Daar was afnames in advertensies, bankkoste (eenmalige fasiliteitsfooie in die vorige jaar), versekering, voorsiening van waardeling van belegging in filiaal (Hessequa Abbatoir se waardedaling is in 2024 verantwoord), brandstof vir graandroeërs, slegte skulde, verpakkingsmateriaal (wat grotendeels deur verminderde aankoop van silosakke gedryf is) en voertuigkoste (herstelwerk en brandstof).

DEBITEURE

Oorlaatskuld het wesenlik afgeneem tot R195 748 742 (2024 – R273 434 360). Die afname kan toegeskryf word aan goeie natuurstoestande ervaar in die groter bedieningsgebied, veral by graan produksie. Daar is vanjaar debiteure ten bedrae van R 380 833 (2024 – R1 272 275) as oninbaar afgeskryf. Die totale voorsiening vir twyfelagtige skuld was op jaareinde R 6 927 769 (2024 – R6 433 337).

WAARDETOEVOEGING TOT BELANGHEBBENDES


		2025 R	2024 R	
Omset		3 264 686 326	3 111 833 624	
Netto kosprys van produkte en dienste		2 517 717 620	2 366 461 952	
Waarde toevoeg		746 968 706	745 371 672	
Soos volg aangewend:	%			%
Werknemers	35,01	261 525 323	239 190 834	32,09
Lone/Salarisse	30,45	227 426 422	210 239 678	28,21
Aansporingsbonusse	4,55	33 986 576	28 961 479	3,89
Na-aftrede mediese koste	0,02	112 325	(10 323)	0,00
Kapitaalverskaffers	19,91	148 694 475	141 932 243	19,04
Rente	17,50	130 694 475	125 932 243	16,90
Bonusse uitbetaal	2,41	18 000 000	16 000 000	2,15
Toevoeging van bates	9,22	68 870 034	147 952 294	19,85
Waardevermindering	6,42	47 945 718	38 420 256	5,15
Herbelê in besigheid	25,25	188 596 145	148 074 926	19,87
Reserwes	15,61	116 596 145	84 074 926	11,28
Bonusse uitgestel	9,64	72 000 000	64 000 000	8,59
Inkomstebelasting	4,20	31 367 339	29 803 191	4,00
Na-aftrede mediese koste	0,00	(30 328)	(2 072)	0,00
		746 968 706	745 371 672	

BELANGRIKE FINANSIËLE VERHOUDINGS

Die volgende verhoudings is belangrike maatstawwe waarmee die finansiële toestand gemeet kan word:

	2025	2024
Netto winsgewendheid (na Ledebonusse)	3,57%	2,62%
Opbrengs op ekwiteit (na Ledebonusse)	8,08%	6,39%
Skuld : Ekwiteit	1,08	1,30
Rentedraende skuld : Ekwiteit	0,65	0,88
Bedryfskapitaal	1,47	1,30

KAPITAALBRONNE



FILIALE

Die prestasie van die filiaalmaatskappye (direkte en indirekte belang) en gesamentlike ondernemings vir die jaar onder oorsig, is soos volg:

	Omset	2025 Bruto wins	Netto wins/ (verlies)
Eureka Mills (Edms) Bpk	111 486 588	30 764 906	8 831 885
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	15 417 207	3 209 659	(2 779 175)
Procuco Grain (Edms) Bpk	12 498 811	12 091 219	(183 549)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	1 197 430	1 197 430	676 702
Softlutions (Edms) Bpk	5 997 277	5 997 277	(3 071 024)
Southern Oil (Edms) Bpk	3 941 103 133	828 206 456	96 562 157
SSK Petro Retail (Edms) Bpk	79 871 275	6 552 675	(154 793)
Technifarm (Edms) Bpk	27 855 903	14 098 350	7 719 160
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	39 254 313	24 582 475	12 107 062
Walts Malting (Edms) Bpk	36 000	36 000	(2 203 580)
	Omset	2024 Bruto wins	Netto wins/ (verlies)
Eureka Mills (Edms) Bpk	99 449 635	23 421 256	4 969 685
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	150 912 761	10 745 238	(3 984 758)
Procuco Grain (Edms) Bpk	17 520 898	11 122 978	(267 490)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	946 161	946 161	577 751
Softlutions (Edms) Bpk	6 600 400	6 600 400	(3 139 631)
Southern Oil (Edms) Bpk	3 803 554 909	699 271 123	185 630 990
SSK Petro Retail (Edms) Bpk	61 941 908	4 533 753	75 706
Technifarm (Edms) Bpk	24 065 327	11 525 398	5 665 096
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	21 029 940	16 175 591	14 698 425
Walts Malting (Edms) Bpk	76 818	76 818	(168 338)
Riparian Investments Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	(8 281)

GRAAN

Die 2024/25 oesjaar het afgeskop met 169 833 hektaar aangeplant teenoor die 154 534 hektaar van oesjaar 2023/24, wat 'n toename van 9.9% verteenwoordig.

Daar was 'n 13.2% toename in canola hektare versprei deur die hele SSK se bedieningsgebied, met 'n 3.5% afname in gars hektare waarvan die grootste afname op moutgars hektare, veral in die gebied vanaf



Protem tot by Heidelberg. Koring het ook 'n afname van 4.7% getoon versprei oor die bedieningsgebied, terwyl daar 'n toename was van 14% in hawer hektare (gedryf deur die groei in voerhawer aanplantings).

Planttyd het gepaardgegaan met bo-normale reënval en die tendens was dieselfde deur die ontwikkelingsfase van meeste gewasse tot en met oestyd.


Die eerste graanlewings het in die eerste week van Oktober 2024 'n aanvang geneem. Met oesinname was die algemene stroop toestande deurentyd nat, wat ook aanleiding gegee het dat SSK meer as die gewone hoeveelheid nat graan moes droog. Weens die nat oes toestande het SSK se Graanafdeling graan ontvang tot einde Januarie 2025 waar die oes normaalweg teen einde Desember ten volle ingeneem was.

Die gevolg van die oormaat reën in die ontwikkeling fase van die graan en tydens oestyd het daartoe bygedra dat proteïenvlakke op koring en stikstof vlakke op moutgars laer was. SSK kon egter die risiko op die afgradering van moutgars bestuur vir ons produsente deur slegs 10 604 ton voergars te realiseer teenoor 2023/2024 se 42 690 ton.

Daarenteen was die grade van koring laer en het daar 11 493 ton Ander Klas Koring (AKK) gerealiseer teenoor 2 624 ton in die 2023/24 oesjaar.

SSK kon egter tydens inname 'n groot komponent van die AKK lewings inneem as B3 graad, tot voordeel van ons produsente.

Hektare in SSK-bedieningsgebied geplant.



SSK het weereens voorberei vir 'n buitengewone groot oesjaar en het derhalwe daarvoor beplan deur die silosak depots te Swellendam, Protom, Karringmelksrivier, Heidelberg, Riversdal, Kleinberg en Herold ten volle te benut.


SSK kon daarin slaag om as korttermyn oplossing, 'n parkeerarea vir vragmotors te bewerkstelling tesame met die Swellendam Munisipaliteit. Dit het baie druk verminder op die verkeer na en van Swellendam Silo.

Die aanbod van 'n subsidie op silosak aankope by SSK het ook daartoe bygedra dat SSK sy produsente in staat kon stel om die oes veilig af te haal en verdere skade te vermy tydens reën in oestyd.

Die waarde wat SSK toegevoeg het aan sy infrastruktuur die afgelope paar jaar en die addisionele spandering op onderhoud van toerusting het bygedra dat ons die groter oes beter kon inneem en hierdeur ook vir ons produsente verbeterde aflaaitempo en alternatiewe leweringspunte kon bied.

SSK se silo kapasiteit is ten volle benut met die 2024/2025 oes wat insluit vaste opberging strukture en silosak depots.

Graanontvangste in SSK-silo's





SAAD

Die Saad-afdeling het in die 2024/25 jaar voortgebou op die sterk strukture en prosesse wat oor tyd gevestig is. Alhoewel saadbeskikbaarheid, veral van canolasaad, onder druk was weens streng regulatoriese vereistes rondom GM-toleransies, het die afdeling steeds daarin geslaag om aan Lede se verwagtinge te voldoen deur tydig en betroubare saadverskaffing.

Die produksie, verwerking en sertifisering van saad het vlot en sonder noemenswaardige onderbrekings verloop, wat die betroubaarheid van SSK se interne stelsels en operasionele vermoë bevestig het. 'n Positiewe neiging is die toenemende belangstelling van saadverskaffers om van SSK se verwerkingsfasiliteite gebruik te maak, 'n duidelike aanduiding van markvertroue en 'n bewys van SSK se verbintenis tot gehalte.

Die Saad-afdeling bly gefokus op die verskaffing van hoë gehalte saad teen mededingende pryse, met volhoubaarheid en dienslewering as sleutelbeginsels. Die afdeling speel 'n belangrike rol in die uitbreiding van SSK se kliëntebasis, ook buite die tradisionele bedieningsgebied.

TOEKOMSBLIK

